waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 7, NO 5 MEI 2001

REDAKSIONEEL

# Dienaars te perd en lasgewers te voet?

Die eerste week in Meimaand. 'n Groep teoloë kom byeen. Hulle hou 'n werkwinkel in Potchefstroom. Die onderwerp? Die posisie van die vrou in die kerk en die samelewing. Die pers word toegelaat. Die Potchefstroomse werkwinkel mag aan die breë publiek bekendgestel word. Van 3-5 Mei verskyn daar elke dag 'n kort berig oor die werkwinkel in die dagblad *Beeld*. Hierdie mededelings noop u eindredakteur tot direkte (en hooplik laaste) reaksie.

Die *samestelling* van die werkwinkel? *Beeld* vermeld die name van slegs drie gereformeerde teoloë, naamlik professore Koos Vorster en Fika van Rensburg, asook dr Wim Vergeer. Verder lees ons die name van drie teoloë van Unisa, te wete Frances Klopper, Pieter Botha en Gerrie Snyman. Die drie gereformeerdes verbind hulle aan die leer van die Skrif en die belydenis van die kerke deur die ondertekening van die Drie Formuliere van Eenheid. Die drie Unisa-teoloë? Klopper en Botha stel voor om die naam van onse hemelse Vader te verander. Lastering van die Naam word bepleit, 'omdat te veel vroue ly as gevolg van die manlike oorheersing wat' deur gebruik van die Vadernaam 'versterk word'. Gerrie Snyman? Sy 'hermeneutiek' is in ons maandblad skriftuurlik beoordeel. Hierdie drie Unisa-teoloë verwerp die goddelikheid van die Heilige Skrif. Die Woord het vir hulle geen goddelike gesag nie.

Dit behoort tot die dienspligte van ons professore om 'die suiwere leer teen die kettery en dwalinge te verdedig' (Kerkorde, artikel 18). Dit moet hulle ook doen in 'n werkwinkel waar hulle eie opinies lug. Het hulle die leer van die kerk daar voorgestaan?

My eerste reaksie gaan oor wat prof. Van Rensburg en dr Vergeer in die werkwinkel opgemerk het. Van Rensburg het gesê dat vroue tot die besondere ampte in die kerk toegelaat moet word. Vergeer het volgens die kort verslag in *Beeld* 'in sy lesing skerp kritiek uitgespreek en verskeie foute aangetoon in 'n verslag wat in 1988 voor die sinode gedien het'. Hy het verder 1 Timoteus 2:8-15 'so verklaar dat dit nie beteken dat vroue vandag steeds nie predikante mag word nie.'

Twee gereformeerde teoloë praat in 'n werkwinkel openlik *teen sinodebesluite* oor die posisie van die vrou in die kerk sonder om die kerklike weg te gaan. Dienaars van die kerke distansieer hulle openlik van besluite van die kerke. Die struktuur van kerklike gesag word op sy kop gesit. Wat onder is, stel hulle bo en wat bo is, onder: Dienaars van kerke *volg* nie die kerke nie. Hulle *druk* die kerke om hulle te volg. Dienaars te perd. Hulle here (die kerke) te voet? Dis nog hulle verbeelding. Kerke het nie hulle gesag aan die dienaars oorgedra nie. Goddank.

Die tweede reaksie gaan oor die vraag: Wie verleen aan ons teoloë die *bevoegdheid* om aan hierdie werkwinkel deel te neem? Hierdie vraag moet gestel word na die besluit van ons laaste sinode oor die posisie van die vrou in die kerk. Dié sinode stel deputate aan met die opdrag om oor die posisie van die vrou te studeer en aan die volgende sinode te rapporteer. Hierdie deputate vra die kerke om insette te lewer. In hierdie situasie kan ons professore vrymoedig studeer en die resultate aan die kerklike deputate voorlê.

Dienaars van die kerke is egter - nou afgesien van hulle ondermyning van sinode-besluite - eties nie geregtig om sonder kerklike toestemming *langs* of *teenoor* die deputate en voordat deputate hulle werk afgerond het, openlik te dekreteer waarop die studie van deputate moet uitloop nie.Hier klim die dienaars (professore) nogmaals op die perd van die kerke (deputate).

Die kerke (lasgewers van ons professore) het die reg om te verneem of prof. Van Rensburg en moontlik ander professore van ons Teologiese Skool wat aan die studieprojek oor die vrou in die kerk en samelewing deelneem, kerklik gemagtig is om ten aanhore van die pers bogenoemde uitsprake oor die posisie van die vrou te lewer. Met ander woorde: Het die kuratore hulle dié bevoegdheid verleen?

Die optrede van prof. Van Rensburg en dr Vergeer in die werkwinkel is 'n kerklike variant op 'n 'verkeerdheid' wat die Prediker 'onder die son gesien het'. Die omgekeerde wêreld, rewolusie. Hy sê: 'Ek het slawe te perd gesien en vorste wat soos slawe op die grond loop' (Prediker 10:5, 7). Dienaars van die kerke te perd, en hulle opdraggewers (kuratore?, sinode-besluite, kerklike deputate) te voet? Kuratore en kerke sal dienaars wat hulle lasgewers minag, tog sekerlik gou-gou op hulle plek sit?

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD


1 **Redaksioneel**
*Dienaars te perd en lasgewers te voet?*
2 **Skrifoordenking**
*Christus, die sin van ons sterwe*
Dr AH Bogaards
3 **Fokus**
*Ja baas, nee baas*
Ds ALA Buys
4 **Aktueel**
*Die evangelie teen diktatuur*
Dr JG Meijer
9 **Rekenaar en Internet**
*'n Gids in die groot stad*
Dr AH Bogaards
9 **Mediese etiek**
*Sondag in die gesondheidsorg*
Dr JM Boon
11 **Persskou**
*Genade, Christina*
Ds GJ Meijer
12 **Gebed van Calvyn**

**Dr AH Bogaards,**
Daniëlskuil

SKRIFOORDENKING

# CHRISTUS, DIE SIN VAN ONS STERWE

*Filippense 1:21b:*

**'Want vir my is ... die sterwe wins.'**

Die eerste deel van vers 21 leer ons: Die sin van die *lewe* is Christus. Maar dit is nou die verrassende: Nie alleen die lewe is vir Paulus Christus nie. Ook die *sterwe* is vir hom *Christus*! Want in ons teks sê die apostel: Vir my is die sterwe wins. En in vers 23 - wat ons as 'n kommentaar op ons teks kan beskou - sê hy *waarom* die sterwe vir hom wins is. Hy verklaar: Sterwe beteken 'om'heen te gaan en met Christus te wees'. Christus maak die dood vir hom sinvol! Christus maak die sterwe vir hom winsgewend.

Die woord wat Paulus in vers 23 gebruik vir *'heengaan'* - ek het verlang om heen te gaan en met Christus te wees - is 'n baie interessante woord. Die woord word op twee verskillende maniere vertaal, maar uiteindelik verskil die twee nie werklik nie: 'n *Eerste* groep vertalers sê: die woord 'heengaan' beteken 'om die anker te lig'. Die beeld wat hier voor ons oë opgeroep word, is die van 'n skip wat uit 'n hawe vertrek. Met ons dood vertrek ons uit die hawe van hierdie wêreld na die hawe van die ander wêreld. Sterwe beteken om die skip te bestyg en om oor te vaar na die land van volle saligheid.

'n Tweede groep Bybeluitleggers voel dat ons by hierdie woord 'heengaan' eerder moet dink aan die beeld van 'n tent wat afgebreek word en 'n reis wat voortgesit word. Dit is miskien 'n beeld wat beter pas in die denke van Paulus, want ook êrens anders, in 2 Korintiërs 5:1, gebruik hy dit. Daar sê hy: 'Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele'. Trouens, ook die apostel Petrus gebruik daardie beeld wanneer hy in sy tweede brief sê: 'En ek beskou dit as reg, so lank as ek in hierdie tentwoning is, om julle deur herinnering op te wek, omdat ek weet dat die aflegging van my tentwoning ophande is, soos ons Here Jesus Christus dit ook aan my bekend gemaak het' (1:13-14).

Die ideë van hierdie wêreld as 'n tentwoning was 'n tipiese Joodse siening: Die gedagte was dat hierdie 'n tydelike wêreld is, waar jy in tente leef; daar is geen permanente geboue hier nie. Dood beteken om die tent af te slaan en na 'n permanente woning te verhuis. So sien Paulus dus die dood: as 'n vertrek van hierdie wêreld na 'n ander een.

Maar dit is nie al nie. Wat vir Paulus hierdie vertrek so sinvol en so winsgewend maak, is dat hy dan *'met Christus'* sal wees. Daarna verlang hy en juis dit, om by sy Heiland te wees, beskryf hy as verreweg die beste.

Dieselfde gedagte kry ons ook in die eerste brief van Paulus aan die Tessalonisense. Daar het hy dit oor die wederkoms van Christus. En dan eindig die apostel sy beskrywing van daardie o so 'n heerlike gebeurtenis met die woorde: 'En so sal ons altyd by die Here wees' (4:17). Dit is die toppunt van ons saligheid: dat ons as die bruid van die Here vir altyd by ons hemelse Bruidegom, by Christus, sal wees.

Ja, want die bruidsgemeente, die kerk, verlang nie in die eerste plek na die hemelse heerlikheid, omdat alles daar so mooi en volmaak sal wees nie. Ons verlang nie in die vernaamste plek na die Nuwe Jerusalem, omdat ons so graag die goue strate en die pêrelpoorte daarvan wil sien nie. Ons hunker nie in die eerste plek na die hemel, omdat daar geen siekte en geen dood, omdat daar geen trane en verdriet meer sal wees nie. Ons verlang nie in die vernaamste plek daarna, omdat ons dan met ons ontslape dierbares herenig sal word nie.

Dit gaan vir ons daarom: 'Dan sal ons altyd by die Here wees.' Dit is die hoogste geluk van die bruid: dat sy by haar Bruidegom mag wees. Ook in die gewone lewe gaan dit tog nie vir die bruid om die mooi huis en die motor wat sy gaan kry as sy eers getroud is nie. Nee, sy sien uit na die bruilof, omdat sy dan vir altyd by haar bruidegom sal wees. Sonder hom is al daardie ander dinge niks werd nie. Wat is 'n pragtige woning tog sonder haar geliefde?

So moet dit met ons ook wees. Ons hoogste geluk in die Nuwe Jerusalem moet en sal daarin bestaan: 'En so sal ons altyd by die Here wees.' Dít is wat die hemel so hemels heerlik sal maak: dat ons vir ewig, sonder ophou, vir altyd by ons Bruidegom sal wees, by ons Here Jesus Christus. Daar is niks heerliker as dit nie.

Terwyl Luther met die vertaling van Psalm 73:25 ('Wie het ek *buiten U* in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie') besig was, het hy daarby gesê: 'Hoekom vra ek na die hemel, as U nie daar is nie? Op aarde vra ek na niks nie, as ek U maar net het. Ek sou nie in die hemel wou wees, as U nie daar was nie en met U sou ek wel in die hel wou wees. As ek U maar het, vra ek na hemel nog aarde, dit wil sê na goed nog sleg. Die belangrikste is: As dit met my sleg gaan, hou ek my aan U. Dan is U my troos'.

Daar is niks volmaakter as om by die Here te wees nie en bedink nou daarby: Die begin van daardie hoogste geluk smaak diegene wat in die Here ontslaap het, *nou alreeds*! Ons hoef nie daarvoor te wag tot met die wederkoms nie. Reeds met ons sterwe breek die groot oomblik aan. Paulus leer ons dit. In ons teks sê hy immers: Die sterwe is wins, want sterwe beteken om met Christus te wees.

In sy onderrig spreek die Heidelbergse Kategismus die Bybel na, wanneer ons *troos*boekie vir ons

**VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL**

*Voorsitter:*
Dr AH van den Bout
Tel (012) 332-2988
E-pos: vdenbout@mweb.co.za

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Dr AH Bogaards
Dr JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Bankrekeningnr:*
Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

*Intekengeld:*
R 80 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

sê: Ons siel sal na hierdie lewe, met ons sterwe dus, *dadelik* tot Christus, ons Hoof, opgeneem word (HK, antw. 57). En as Jesus weerkom, sal 'ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die verheerlikte liggaam van Christus gelykvormig word'. Met woorde aan die Skrif (1 Korintiërs 2:9) ontleen, beskryf die Heidelberger dié volle saligheid: Na hierdie lewe sal ons 'n saligheid besit, wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens opgekom het nie (HK, antw. 58). Onbeskryflik heerlik!

Vir die wêreld is die dood 'n sinnelose gebeurtenis. Vir hulle is dit immers die einde van alles. Vir ons daarenteen is dit die begin van die volle saligheid.

---

**FOKUS**

# JA BAAS, NEE BAAS

**Ds ALA Buys**, Pietersburg-Noord

Die Minister van Onderwys, professor Kader Asmal het die Puk onlangs lelik in die bek geruk. Dit het gegaan oor 'n stuk van 'n kunste(r)aar, Pieter-Dirk Uys, wat die Puk nie op die kampus wou toelaat nie. Prof. Asmal het dit duidelik gestel dat hy die beursie vashou en dat die staat nie sulke diskriminasie sal subsidieer nie. Aan die ander kant het die Puk weer probeer wys op die siening van soewereiniteit in eie kring, of soos dit deesdae gestel word die reg om nie te assosieer nie. Prof. Asmal is maar taamlik anti-alles-afrikaans en sterk negatief oor die christendom, veral deurdat hy doelbewus 'n ateïs en 'n Moslem op die Puk se raad aangewys het. Hy vertoon dus maar allergies vir wat op die Puk aangaan, veral die 'CHO' deel.

Die aanval van prof. Asmal op die Puk kan op verskeie maniere gesien word. Die mins effektiefste sal wees om dit stilweg rassisties te befluister as 'n swart ANC-hand in oubaas se sake. So 'n stelling verteenwoordig 'n oud koloniale analise en het niks met die ware toedrag van sake te doen nie.

Dan kan daar tweedens ook gepoog word om die situasie te beredder deur dit te gebruik as 'n oefening in die debat vir die vestiging van 'n menseregte-kultuur. Dan word daar hard gepraat en sag binnensmonds gevloek: Gepraat oor wat die inhoud van menseregte alles behels en dat mense se regte dit moontlik vir die Puk maak om iemand te verbied wat nie inpas by hulle etos en christelike waardestelsel nie. Geskel om frustrasies te verberg, omdat die praktyk van die gesprek aandui dat nie almal eenstemmig is oor wat regte en verkeerde optrede van mense is nie. Die mense se reg kan ook geskend wees deur die Puk se verbod. Wie bepaal nou wat is menseregte? Die antwoord is taai om te aanvaar: die staat se reg (mag) bepaal hier wat reg is vir mense. Dis die ou dwaling dat (ANC) mag reg is.

Derdens, en dit behoort gesien te word as die eintlike as van die wiel, is dat die stryd tussen kerk en staat hier ter sprake is. Of, filosofies gestel, dat die samelewingsverbande hier baklei oor die grensdraad tussen hulle. Die Puk is gebore uit Die Gereformeerde Kerke. Dis ons danklied. Die Teologiese Skool en die Puk het die allernouste verhouding met mekaar. En daarom is dit vir ons kerke uiters belangrik om te sien wat met die Puk gebeur, want wat met die Puk gebeur gaan met die skooltjie ook gebeur. Ons moet dus na hierdie uitspraak van prof. Asmal nie kyk met 'n rassistiese of menseregte-bril nie. Ons moet ons geskiedenis - ons belydenis-geskiedenis - weer onthou en die staatsowerheid-persone en die Puk en Teologiese Skool en ons kerke se optrede daaraan toets.

Die Gereformeerde Kerke, en daarom ook ons geliefde Teologiese Skool se wieg en wandel is die Dordtse kerkorde. Die gees van die kerkorde is teen enige hiërargiese inmenging in die sake van die kerk: *nog* die Staat, *nog* die Sinode se heerskappy oor mekaar word geduld. Ons ken die aaklige geskiedenis waar die beginsel van Dordt vertrap is: sinodokrasie en staatgesag op die kansels is kerkverwoestend.

Die debat moet oor Dordt gaan. Oor die vryheid van die kerk om voor God en wêreld ware kèrk te wees. Maar die debat gaan ongelukkig tans nie daaroor nie. Die gesprek gaan oor geld. En prof. Kader Asmal het nie die reg nie, maar inderdaad die mag in sy hande. Hy deel die geld uit, ook die geld waarmee ons teologiese professore betaal word. Hulle word betaal deur die staat en word nie getrakteer deur die kerke nie. Nou kom die vraag op: Wat speel uiteindelik die deurslag-gewende rol in die optrede om die staat se inmenging teen te gaan? Vernuftige voetwerk sonder om Dordt in gedagte te hou sou blote tydelike flousery wees. Dit sou neerkom op 'n pensioen-pakket-opmakery. So 'n ja baas, nee baas-houding gaan die kerke groot skade berokken, omdat die hele kerk-reg van Dordt opgeoffer kan word op die altaar van 'n baster kerkmense-reg, waar die staat deur sy subsidie dreigemente en blatante afpersing indirek inspraak kry oor hoe menseregte in die kerk moet funksioneer.

'n Konkrete voorbeeld sal hierdie gevaar om Dordt sonder slag of stoot te laat vaar, duidelik maak. Die kerke moes op die laaste sinodes hoor dat die Teologiese Skool sogenaamde kapasiteitbou-poste geskep het om te voldoen aan die staat se kwota transformasie-druk. Hierdie kapasiteitbou-poste is waar persone wat nie tradisioneel deel van die leraarskorps uitgemaak het nie, 'in diens' opgelei word om uiteindelik teologiese professore te word, om die personeelkorps meer demografies verteenwoordigend te maak.

Afgesien dat die eufemistiese term 'kapasiteitbou-pos' erg paternalisties soos 'n teologiese tuisland klink, is die beginsel van die Dordste kerkreg hier lynreg op die spel. 'n Teologiese skool moet daar wees 'uit die kerke, vir die kerke'. Nou kom die staat en dring daarop aan dat persone wat nie deur kerklike weg by die teologiese skool uitgekom het nie, nou deur 'n b-baan op die kerke afgeforseer word. Die kerke het nie vir kapasiteitposte gevra nie. Dit was nie 'n behoefte wat uit die kerke opgekom het nie. Die staat se honger behoefte aan die transformasie van die samelewing, wat die Teologiese Skool en al die gereformeerde kerke insluit, wil gepaai word met die poste. Die transformasie soos die ANC dit inkleur, bly nie by 'n

paar kosmetiese veranderings nie, maar is op die hart gerig.

Die hart moet anders klop, en daarvoor sal prof. Asmal met die tjekboek sorg. Ja, inderdaad gaan dit hier oor die hart, ons hart, ons gereformeerde hart, die hart van Dordrecht. Mag die staat op ons dinge afdwing? Al word baie moeite gedoen om te verduidelik dat 'ons kerke' dit eintlik self so wil, is dit nie so nie. Ons wil geen pligstaat op die Teologiese Skool van die staat ontvang nie, nog dat ons kapasiteitgeboude professore nodig het, nog wat in die lesingsaal dogmaties oor menseregte en bybels gesê moet word nie. 'n Vrye kerk is 'n kerk wat Dordrecht ken. Dit moet ons bly, juis nou.

Wat is die oplossing? Om slegs te sê wel die skooltjie is te duur en dat ons die staatsgeld (belastinggeld) nodig het - en dus maar die inmenging met geduld en vernuf moet vermeng, sal nie deug nie. 'n Vrye kerk moet tog vry wees. Dis ons ereplig om ons Teologiese Skool te onderhou. Dit help nie om ongemaklike vrae op sinodes te vra en omgekrap te wees oor wat aangaan en ons wil nie ons hande in ons sakke steek nie.

Daarom het dit tyd geword om te vra: Het dit nie tyd geword om die Teologiese Skool te verskuif nie? Weg van staatgeld wat gryp en dreig. Ja, dit behels baie veranderings; 'n kleiner skool dalk, met minder professore, maar een wat waarlik kerk-skool is. As die Dordrechtse kerkorde nie in hierdie saak eerbiedig gaan word nie, is daar maar 'n hanetreetjie dat die skool - met gewillige staatshulp - in 'n Unisa-agtige teologiese instituut omskep word met een of twee protestantse (wat staan nog gereformeerde) leerstoele as troosprys. Is dit nou weer 'n gogga maak vir baba bang voorspelling? Nee, want as jy toegee in die kleine (kapasitetbou-pos), omdat jy nie jou eie beursie het nie, hoe gaan jy in die groot sake - die hart van die gereformeerde leer - jou man staan teen die staat. As ons heilig daarop is dat die bedienaars van die Woord in die gemeentes nie deur die staat betaal moet word nie, hoe kan ons dan toelaat dat ons gewaardeerde hoogleraars - wat tog by uitstek ook Woordbedienaars is - blootgestel word aan 'n gevaar wat hulle bediening bedreig. Dit mag tog nie! Woordbedienaars bly Woordbedienaars. Dis nou of nooit. Alles is hier op die spel.

Inderdaad ook die verhouding met die res van die Puk. Dit is net so 'n belangrike vraag maar 'n ander gesprek. Kortliks kan hieroor net gevra word: Wanneer gaan besef word dat as jy nie jou eie belastingstruktuur het nie, jy ook nie jou eie universiteit het nie? Maar laat ons maar een skok op 'n slag hanteer.

As die kerke nie hulle eie Teologiese Skool gaan finansier nie, dan gaan ons ons geliefde skool verloor. En die wat die onderhandelings en delings en verdelings doen, moet egter nie die eg gereformeerde kerke se vasberadenheid oor hierdie saak onderskat nie. Ons wil 'n skool uit die kerke vir die kerke hê. Ons stuur ons kinders volgens ons verbintenis aan die kerkorde vir opleiding om as herders en leraars in die kerke te dien. Dis ons eerste ereplig. Daarby sal ons hou. Ons sal geen staat-skool vir ons kansels duld nie. Daarop sal ons nooit 'ja baas, nee baas' sê nie. As ons hierdie Dordt-beginsel verloën, watter vreugde, watter sin het dit dan nog om gereformeerd te wees?

AKTUEEL

# DIE EVANGELIE TEEN DIKTATUUR

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**'n Kerk ontvang onlangs van hoër hand die opdrag om 'n reklamebord te verwyder. Die motief? Dié reklame word diskriminerend teen ander godsdienste geag. Die owerheid dekreteer: Bedrywe moet 'n sekere persentasie nie-blankes in diens neem. Onderwysers word verplig om die ideologie van die 'reënboognasie' aan die leerlinge oor te dra, op las van die Minister van Onderwys en sy departement(e). Die vraag kom na vore: Wat is die aard van die owerheidgesag? Beklee regerings die hoogste gesag-posisie in hulle nasies? Mag hulle na willekeur wette en bevele uitvaardig? Of het hulle gesag grense?**

Hierdie artikel bestaan uit drie dele. Deel een gaan oor diktatoriale optrede van ons owerheid in die onderwys. Na 'n kort aanduiding van die stand van sake kyk ons na die agtergronde van hierdie diktatuur, sy aansluiting by die verlede. Ons leer sodoende die grond ken waaruit die 'demokratiese reënboognasie' voortkom, asook die grond waaruit die teenwigte in so 'n 'demokrasie' voortkom.

In deel twee skyn Skriflig oor die amp van die owerheid. Deel drie gaan oor ons roeping: Wie behoort in die Skriflig teen diktatuur op te tree?

## Diktatuur in die onderwys

### *'n Owerheid wat hiet en gebied*

Die onderwyswet verbied die gebruik van die roede in die skool. 'n Beswaar teen daardie wet is deur die Konstitusionele Hof op grond van 'menseregte van die kind' afgewys. Die Minister plaas skoolhoofde onder druk: Wie die wet verontagsaam, sal strafregtelik vervolg word. Hierdie wet verbied wat God gebied. Daarom is in ons blad lydelike verset teen die wet aanbeveel: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.[1] Een van die lesers het beswaar teen die artikel aangevoer. Sy beswaar is in Januarie 2001 in die rubriek 'Kommentaar van lesers' opgeneem. Na aanleiding daarvan verskyn hierdie artikelreeks oor die gesag.

Wat die inhoud van die onderwys betref, skryf die owerheid uitkoms-gebaseerde onderwys voor. Die vraag of - of in hoeverre - hierdie soort onderrig in die lig van die Skrif aangebied mag word, kom nie eers ter sprake nie.

Die volgende stap: Die Minister van Onderwys eis 'intergeloof'-onderrig. Kinders moet in die klaskamers leer om alle godsdienste positief te waardeer. Die antitese, die vyandskap

[1] Sien die artikel 'Christelike skole sonder roede?' in *Waarheid en dwaling* 6(10), 2000:6-7.

tussen die slang en die vrou en altwee se volgelinge,[2] word verander in die teendeel, die sintese van alle godsdienste. 'Ek stel vyandskap', sê die Here. 'Ek gebied vriendskap, positiewe waardering' van wat die Here afgodediens noem, sê ons owerheid.

Die owerheid stel 'n Moslem en 'n ateïs aan op die Raad van ons Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

'n Gereformeerde kind kies Bybelkunde as een van sy vakke. Hy kry in matriek die opdrag om 'n brief van Paulus in koerantvorm weer te gee (advertensies, berigte, ensomeer). Voorts moet die vyf tema's van die Jakobus-brief in strokiesprente vertolk word. Op die vraag of 'n mens op hierdie wyse met God se heilige Woord mag omgaan, lui die antwoord: Die Departement van Onderwys skryf dit voor. Die onderwyser het geen sê nie.

Diktatuur in die onderwys ... Die owerheid hiet en gebied. Wie sy bevele nie opvolg nie, word bedreig met strafregtelike vervolging, met beëindiging van subsidie, met druip vir 'n eksamen.

Staatonderwys bestaan lankal in Suid-Afrika. Die ANC-regering erf die staatskole van die ou regering in 1994 en hanteer dit om sy eie doelstellings te verwerklik. Ons moet die hand diep in eie boesem steek. Watter erfenis het ons in 1994 oorgedra? Was ons staatskool - tans 'n wapen in die hand van die nuwe regering om sy ideologie by die jonger geslag in te prent - in ooreenstemming met Gods Woord? Hieroor sal ons DV na die afhandeling van hierdie artikelreeks in die rubriek 'onderwys' besin.

Die owerheid vermag baie. Hy kan onderwysers ontslaan. Hy kan subsidie weerhou. Hy kan leerlinge in gewetensnood bring. Die vraag is: *Mag* hy doen wat hy *vermag*? Verleen God hom bevoegdheid om na willekeur te hiet en gebied? Voordat die vraag oor die *reg* van die regering beantwoord word, dring ons deur na die grond waaruit diktatoriale optrede van owerhede voortkom. Ek maak in die vervolg van hierdie artikel dankbaar gebruik van 'n publikasie van wyle ds JR Wiskerke wat in diepte en skriftuurlik oor die owerheidgesag gestudeer het.[3]

### *Diktatuur - aansluiting by die verlede*

Jean Bodin (1530-1596), 'n Fransman, is 'n jonger tydgenoot van die reformator Johannes Calvyn. Hierdie Bodin skryf 'n uitvoerige verhandeling oor *soewereiniteit*. In hierdie boek wat in 1576 gepubliseer is, bou die skrywer voort op gedagtes wat ander persone al tevore oor hierdie onderwerp na vore gebring het.[4] Die soewereiniteit van die koning word volgens Bodin deur drie dinge gekenmerk. Die vors is eerstens soewerein in *mag*. Dit beteken: Hy het onbeperkte seggenskap. Tweedens is die koning soewerein in *las*: Daar bestaan geen lasgewer bo hom of 'n kontroleur aan wie hy enige verantwoording verskuldig is nie. Derdens is die koning soewerein in *tyd*: Hy dra permanente, volkome gesag. Soewereiniteit beteken volgens Bodin kortom: oppergesag, onbeperkte, absolute owerheidgesag.

Bodin se verhandeling word gretig ontvang, sowel binne as buite die grense van Frankryk. Hugo de Groot (1583-1645) en Thomas Hobbes (1588-1679) neem sy beginsel oor. Hulle propageer die absolute gesag van die owerheid in Nederland en in Engeland.

Dit bly nie by stellings oor soewereiniteit in boeke nie. Konings en regerings pas dit toe. Hulle neem die allure van diktator aan. Die Franse owerheid bly die Hugenote na die verskriklike Bartolomeus-nag in 1572 vervolg. Lodewyk XIV, wat die bynaam 'Sonkoning' kry, se bou van pragtige paleise en sy duur hofhouding dompel die Franse volk in armoede. Daardie koning is nie 'n herder van sy volk nie, maar 'n slawedrywer.

Die Remonstrante in Nederland neem Hugo de Groot se dwaalleer oor die absolute gesag van die owerheid net so oor. Op hulle instigasie verbied die owerheid die kerke om in nasionale sinode byeen te kom. Die Remonstrante kan sodoende hulle dwaalleer sonder uitspraak van 'n sinode tot in die jaar 1618 vrylik bly uitdra. Na die Sinode van Dordrecht (1618-1619) wat hulle vyf artikels in die Dordtse Leerreëls veroordeel, bly die sogenaamde sesde artikel van die Remonstrante in Nederland van krag. Die owerheid behou sy vermeende gesag oor kerklike sake en verhinder die kerke tot die jaar 1816 om saam in nasionale sinodes te vergader. In die lang periode van 1619 tot 1816 groei die Nederlandse kerke uiteen en word allerlei dwalings uitgedra en verdra.

In dieselfde tyd broei dit in Frankryk, die land waar Bodin die absolute soewereiniteit van die vors voorgestaan en van waaruit die beginsel van absolute owerheidgesag na ander lande oorgewaai het. Mense raak moeg van konings se diktatuur. Jean-Jacques Rousseau (1723-1778) bring in sy geskrifte hierdie gevoelens onder woorde. Die middel wat hy tot genesing van die versiekte toestand aanreik, is egter minstens so erg as die kwaal. Rousseau bepleit om die koning te onttroon en sy absolute gesag aan die volk oor te dra. Dit vind plaas in 1789, die jaar van die Franse rewolusie. Die koning en sy trawante word onthoof. Sy onbeperkte oppergesag word aan die volk oorgedra. Die *demokrasie* ontstaan in Frankryk, letterlik vertaal: die regering van die volk.

Die Franse rewolusie werp vrugte af, tot vandag. Talle Europese, asook ander Westerse en Oosterse lande neem hierdie demokrasie oor. Sosialistiese en kommunistiese regerings waan hulleself oppermagtig. Die onbeperkte oppergesag van die owerheid wat Jean Bodin net na Die Reformasie van die sestiende eeu uitgebasuin het, word in beginsel tot in ons tyd aanvaar. Daar is maar een verskil: Die absolute gesag wat Bodin aan die vors toegeken het, word nou aan die volk, die 'people' toevertrou.

Rousseau, die vader van die moderne demokrasie, het ewemin as Bodin splinternuwe gedagtes voorgedra. Die wortel van sy demokrasie lê in die grys verlede. Dié wortel moet ons opspoor om die karakter van ons 'demokratiese reënboognasie' in Suid-Afrika te leer ken.

### *Die afgod 'staat'*

Die model wat Rousseau gebruik het vir die ontwerp van sy demokratiese staat, vind ons in die ou heidense Hellas. Die Grieke is regeer in en deur polisse, stad-state. Sparta was dié voorbeeld van so 'n polis. Die uitgangspunt van hulle denke was die staat, die regering. Die staat is vir die Spartane nie 'n lewensverband *langs* die ander lewensverbande (huwelik, gesin,

---

2 Gen 3:15.

3 Sien 'Souvereiniteit in eigen kring' bij dr A Kuyper, *in* JR Wiskerke. *De strijd om de sleutel der kennis*. Groningen: Vuurbaak, 1978, p. 191-221, veral onderdele 7: 'De taak der owerheid en de eigen ambten der onderdanen' (p. 208-214) en 8: 'Ambt kontra souvereiniteit' (p. 214-217).

4 Wiskerke verwys na Marsilius van Padua (1290?-1342) wat die supremasie van die koning oor die kerk geleer het en na Machiavelli (1469-1527), 'n Italianer onder invloed van die Renaissance. In sy boek *Il principe* (die vors) poneer Machiavelli dat die vors nie aan enige goddelike of etiese norm gebind is nie.

kerk, bedryf ensomeer) nie. Nee, die polis is die *hoogste* lewensverband. Die regering (deur die volk verkies) staan bo en het seggenskap oor alle ander gesagverhoudinge. Hy kan na willekeur bevele uitvaardig. Kinders kry staat-opvoeding.

Die burgers van die polis is individue: Elke persoon is een van die kleinste deeltjies van die stadstaat. Die belangrikste band wat die invidue saambind, is die polis.

Die Spartane het hulle polis bo alles liefgehad. Die staat was vir hulle meer as die lig in die oë. Liewer blind - as om geen polis-burger te wees nie.

Vanwaar dié liefde vir die aardse polis? Die stadstaat en sy regering gee veiligheid, beskerming, sekerheid, versorging. Dit is die ruspunt vir daardie heidene. Die Spartaanse polis vervang die Here wat die lewe verlos en vernuwe, die Rots by wie ons veilig skuil. Die Spartane verander die heerlikheid van die onverganklike God 'in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens'.[5] Hulle soek hulle heil in die kollektiewe staat. Hulle stel die polis in die plek van God. Hulle 'polis', die staat, is hulle god.

Wie sy rug op die Here draai, word ook blind vir die regte wat Hy aan mense verleen en vir die pligte wat Hy aan hulle opdra, aan elkeen persoonlik en aan gesagdraers in die huwelik, die gesin, die bedryf ensomeer. Sparta verwerp God se oppergesag. Die Here se gesag word aan die polis toevertrou. Burgers laat hulle vrywillig tot slawe van die staat degradeer.

Die oorsprong van daardie heidense polis vind ons in die stad van Kain.[6] In sy stad word God nie gedien nie. Mense wat God verlaat, soek hulle ruspunt polities in daardie stad-staat. Daar stel die mens sy eie wette. Poligamie kom in die plek van die huwelik soos die Here dit in die paradys ingestel het. 'n Stad vol wraaklus. Die stad van die mens. 'n Stad wat onder die toorn van die Here bly. 'n Stad sonder vrede.

Na die sondvloed kopieer die mense Kain se stad in Babel (Genesis 11), die nuwe polis van die mens. Waarop loop die geskiedenis uit? Op die groot Babilon van Openbaring 17 en 18, die staat van die mens. Wat gewees het, sal daar weer wees. Diktatoriale optrede in ons reënboognasie is niks nuuts onder die son nie. Dit is wel 'n ernstige beproewing vir elke gelowige. Wie in die stad van die mens profeteer: 'Nie die staat nie, maar die Here alleen het oppergesag; luister na Hom en regeer volgens sy wil' - dié profeet word as die spelbreker gebrandmerk, met alle gevolge daarvan.

***Teenwigte***

Die diktatuur ontmoet wel verset. Telkens weer word daar teenwigte teen diktatoriale owerhede opgewerp.

Die Wederdopers van die sestiende eeu wys enige absolute gesag van mense af deur hulle *prinsipiële verwerping van die wêreldike regering*. Hulle beskou elke wêreldlike gesag as wêrelds, antigoddelik. Gereformeerdes weerstaan vanuit die staanspoor hierdie teenwig teen diktatuur. In die Nederlandse Geloofsbelydenis 'verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidgesag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot'.[7]

Die dwaling van die Wederdopers bly voortdurend springlewendig. Dit kom na vore in allerlei aksies wat gerig is op *aftakeling van die owerheid se swaardmag*, soos propaganda om die slaankrag van die weermag te verswak, die weiering om militêre diensplig te vervul, onvoldoende personeel in die polisiediens en ongenoegsame hulpmiddels sodat misdaad nie doeltreffend hokgeslaan kan word nie.

God verbind swaard en kroon. Die regering 'dra die swaard nie verniet nie.'[8] Daarom is alle burgerlike propaganda vir aftakeling van die swaardmag teenskriftuurlik en ongeoorloof.

'n Ander teenwig - Toe die oppergesag van owerhede op instigasie van Jean Bodin ingang vind, ontstaan daar weerstand in Engeland. John Locke (1632-1704) ontwerp *menseregte* as teenwig. Hy stel 'n onverbiddelike eis: Die oppermagtige owerheid moet die reg van elke individu eerbiedig. So probeer hy om 'n buffer op diktatoriale optrede te plaas. Locke se ontwerp van menseregte is deur en deur humanisties en liberalisties. Humanisties: Dit gaan nie oor God se reg nie, maar oor die mens se reg. Liberalisties: Menseregte is nodig om die vryheid van elke individu te waarborg.

Menseregte-handveste en -wette is na die Franse rewolusie in nagenoeg die hele Westerse wêreld aanvaar. Daar ontstaan uiteraard spanning tussen die absolute gesag van die owerheid en die vryheid van die burger. Die spanning laai op in voortdurende struwelinge tussen sosialiste en liberaliste. Om maar een voorbeeld daarvan te noem: Sosialiste beywer hulle vir maksimale vermeerdering van staatbedrywe: 'staat-almag'. Liberaliste beywer hulle vir optimale privatisering (oorhandiging aan vrye burgers) van owerheid-instellings. Ons nuusmedia berig gereeld hierdie toutrekkery oor staatbedrywe tussen die regering en kommunisties-sosialisties gesinde vakbonde.

Christene in verskeie lande poog om die humanistiese menseregte skriftuurlik aan te vul.[9] Ongeag hulle goeie bedoelings moet twee vrae vooraf gestel en beantwoord word. Eerstens: Is dit geoorloof om skriftuurlike 'regte' aan humanistiese menseregte toe te voeg? Mag *God* se gebod in 'n *mense*regtehandves saampraat? Die tweede vraag gaan oor die teenwig as sodanig. *Die oppergesag van die owerheid word deur menseregte wel enigsins verminder maar nie prinsipieel weerstaan nie.*

Die vraag moet aan die orde kom: Het die owerheid enige bevoegdheid om absolute gesag uit te oefen? Wat is die gesag wat van Bo aan hom verleen word? Die *reg* wat die owerheid van God ontvang - die evangelie - is die enigste wapen waarmee diktatuur werklik bestry kan word. Nie menseregte nie, maar die evangelie teen diktatuur.

## Die amp van die owerheid

Die gesag van die owerheid strek baie wyd. Alle onderdane, in al hulle lewensverbande (kerk, huwelik, gesin, skool, bedryf ensovoorts) staan onder sy heerskappy. Die owerheid regeer oor gelowiges en ongelowiges, kinders van God en kinders van die Bose. Hoe ver dit ook al strek, het owerheidgesag wel terdeë grense.

***Begrensde gesag***

Om die aard en grense van owerheidgesag te verstaan, moet ons eers kortliks aandag aan die veelvuldige take van die onderdane gee. Elke onderdaan van elke owerheid, elke mens word deur God geroep om Hom te dien.[10] Elke afstammeling

[5] Rom 1:23.
[6] Gen 4:17.
[7] NGB, art. 36.
[8] Rom 13:4.
[9] Die jongste publikasie in Suid-Afrika is dié van professor JM Vorster. 'n Christelike teorie van menseregte. *In die Skriflig* 35(1), 2001:1-23.
[10] NGB, art. 12.

van Adam en Eva staan onder die goddelike bevel om sy of haar aandeel in die uitvoering van die kultuuropdrag te lewer.[11] Ons bid in die derde bede: 'Laat u wil geskied ... Dit is: Gee dat ons en *alle mense*' U gehoorsaam, 'sodat elkeen sy *amp en beroep* net so gewillig en getrou kan uitvoer soos die engele in die hemel'.[12]

Ons bid vir alle mense, vir al hulle werksaamhede in hulle verskeie ampte en beroepe. Om God se kultuuropdrag na die sondeval te kan uitvoer, salf Hy sy kinders met sy Heilige Gees.[13] Intussen bly sy roeping om Hom te dien vir elke mens van krag.

Ons verrig ons amp en beroep wel persoonlik, maar nie individualisties nie. Mense werk saam in die lewensverbande wat God ingestel het (huwelik, gesin, kerk en staat) en in lewensverbande wat hulle self in die lewe roep (soos onderwysinstellings en bedrywe). God stel in al die lewensverbande gesagdraers bo ons: ons ouers in die gesin (vyfde gebod), die ouderlinge in die kerk,[14] die owerheid in die land,[15] die onderwysers in die skool, die bedryfleiers in ons werkplek. Kortom: Almal wat bo ons gestel is,[16] moet onthou: Daar is geen gesag behalwe van God nie.[17] Hy beklee met gesag. Elke gesagdraer is as sy ampsdraer aan Hom verantwoording verskuldig.

Geen aardse ampsdraer het alle gesag nie. Christus wil sy koningskap deur 'n verskeidenheid van aardse gesagdraers uitoefen. Niemand van hulle mag in die gesag van 'n ander indring nie. Die verskillende ampte begrens mekaar. Die grense van gesag - daaroor het ons verlede maand in hierdie rubriek besin.

Die Skrif stel nie die gesagdraers in die verskeie lewensverbande in 'n hiërargiese orde nie. Die kerk het geen seggenskap oor die owerheid nie. Die owerheid het geen sê in kerklike sake nie. Een dra alle gesag. Dit is Hy aan wie alle gesag in die hemel en op die aarde gegee is, ons Here Christus. Alle gesagdraers is ondergeskik aan Hom. Die Skrif ken nie 'n *onder*skikking van die gesag in die een lewensverband onder die gesag in 'n ander lewensverband nie. Wel *neweskikking* Die baas by die werk het geen sê oor die kinders van sy werknemer nie. Die pa in die gesin het as werknemer geen gesag in die bedryf nie.

Politiek wat hierdie neweskikking van gesagdraers in die onderskeie lewensverbande nie aanvaar nie, word gekenmerk deur die gejaag na absolute owerheidgesag (Jean Bodin). 'n Demokratiese owerheid wat na willekeur hiet en gebied, laat die ou Sparta herlewe. Hy onttroon gesagdraers wat God in die gesin, kerk, bedryf, skool ensovoorts met gesag en eer kroon. Hy doen asof hy alleen 'n kroon dra, asof aan hom alle mag op die aarde gegee is. Hy tree in die plek van Christus, verhef homself tot god.

By elke ingreep van die regering in die lewensverbande van die onderdane moet die *reg*-vraag aan die orde kom: Bly hy binne die grens wat God aan sy gesag gestel het, of oorskry hy as afgod die grens?

- Is die owerheid bevoegd om te eis dat 'n kerk 'n reklamebord verwyder?
- Het die owerheid die reg om die aanstelling-beleid in bedrywe te reguleer?
- Mag die owerheid die roede in die skool verbied, 'n kurrikulum voorskryf, bepaal hoe 'n toets in Bybelkunde geskryf moet word, 'intergeloof'-onderrig afdwing?

As ons weier om die skriftuurlike grense van die gesag dringend aan die orde te stel, bevind ons ons binne enkele jare in ... 'n totalitêre demokrasie, in Sparta, in die stad van Kain, in Babel, in die afgod 'staat'. Daar word vrye burgers tot slawe gedegradeer. Die ergste is: Daar brand God se gloeiende toorn.

***Die amp tussen die ander ampte***

Die owerheid mag nie indring in 'n ander se amp nie. Hy moet die gesag waarmee die Here onderdane beklee, ten volle eerbiedig. Wat wel sy pligte is? Sy eerste opdrag is: Bepaal *die reg* vir alle onderdane. Die wette wat die regering uitvaardig, behoort alle onderdane en elke nie-staatlike gesagdraer te beskerm. Elke mens moet sy beroep as roeping van God in vryheid kan uitoefen. Elke gesagdraer moet die opdrag wat God aan hom of haar toevertrou, sonder verhindering deur gesagdraers in ander lewensverbande kan uitvoer. Elke wet van die owerheid moet daarop gerig wees, dat 'die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop',[18] sonder verhindering.

Word hier 'n Nuwe Testamentiese teokrasie voorgestaan? Geensins. Ook die goddeloses word deur regverdige wette beskerm. Let wel, goddeloses, nie openlike goddeloo*sheid* nie. God wil nie dat regerings sy teenstanders voortydig uitwis nie. Hy beperk die doodstraf uitdruklik tot moordenaars.[19] Die geslagte van Set en van Kain moet altwee uitgroei tot die sondvloed. Koring en onkruid, kinders van God en kinders van die Bose, moet saam opgroei tot die oes van die eindgerig.[20] Die onkruid mag egter die koring in die openbare lewe nie oorwoeker nie. God roep regerings om losbandigheid, uitbreek van goddeloosheid in die samelewing, deur wetgewing in bedwang te hou.

Die owerheid-amp beweeg tussen alle nie-staatlike gesagdraers en tussen die ander burgers. Hy beskerm almal deur wette wat elkeen in staat stel om eie gawes en talente ten volle te ontplooi. Sy beskermende hand voel ons in die uitvoering van sy tweede opdrag: *die hantering van die swaard*. Die regering stap met die swaard (wat kan doodmaak) tussen die burgers en almal wat nie-staatlike gesag beklee, om reg en orde te handhaaf, 'om doodslag te weer'.[21] Wie in die taak of amp (gesag) van 'n ander indring en sodoende sy naaste verdruk, kom met die swaard van die owerheid in aanraking. Hierdie regering dring indringers in 'n ander se amp terug binne die grense van eie bevoegdheid. Hy slaan neer wie verdruk. En hy waak teen die kwaad dat hy self in enige nie-staatlike amp indring. Hy laat ouers, ouderlinge, onderwysers, bedryfsleiers ensomeer hulle ampspligte in vryheid uitvoer.

Die owerheid, ampsdraer tussen die nie-staatlike ampte en beroepe, is geroep om in wetgewing en hantering van die swaard as dienaar van God op te tree. Regerings wat hierdie roeping vervul, stel aan die hand van God se wysheid vas wat reg is.[22] Vasstel beteken: Hierdie owerheid formuleer wette ooreenkomsig die Woord en lê die wette bindend aan die

---

[11] Sien Gen 1:26-28.
[12] HK, antw. 124.
[13] HK, antw. 32.
[14] NGB, art. 31.
[15] NGB, art. 36.
[16] HK, antw. 104.
[17] Rom 13:1.
[18] NGB, art. 36.
[19] Gen 9:6.
[20] Matt 13:40vv.
[21] HK, antw. 105.
[22] Spr 8:15-16.

onderdane op. So 'n regering dien die Here met vrees en luister na sy waarskuwing: 'Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie'.[23] *'n Regstaat ooreenkomstig die Woord van God* - dit behoort elke gelowige politikus en sy politieke party in die parlement voor te staan. So dien ons die werklike vrede.

### *Vrede deur reg*

'n Regering wat wette ooreenkomstig die Skrif voorskryf en die reg met die swaard handhaaf, dien die vrede. Die Here belowe dit. Toe Moses sy skoonvader Jetro in die woestyn ontmoet, kry hy goeie raad van hom. Jetro adviseer: Hou op om alle regsake self te behartig. Jy raak uitgeput en mense moet te lank op 'n uitspraak wag. Behartig self die groot geskille. Lei bekwame, betroubare en godvrugtige manne op om in die klein sake reg te spreek. Dan word geskille betyds opgelos en sal 'al hierdie mense tevrede na hulle woonplekke gaan'.[24]

Die woord 'tevrede' dui op 'n subjektiewe gevoel. 'n Skuldige wat nie veroordeel word nie, sal tevrede huistoe gaan. Die grondteks sê: *besjaloom*. Dit beteken: 'in vrede'. Deur gesonde regspraak word die verdrukker binne die grense van sy eie amp of beroep teruggedruk. Verhoudings wat geskend was, word herstel. Die regspraak laat elke onderdaan wat deur verdrukkers verhinder was om sy taak in vryheid te verrig, sy amp vrylik uit te oefen, opnuut in vrede, 'veilig woon'.[25]

Die Skrif leer ons om te bid vir owerhede wat deur wetgewing, regspraak en die swaard geskonde verhoudings regruk, vrede bring. Ons bid 'vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid'.[26] Rustig en stil beteken nie, dat ons met ons boekie in ons hoekie kan wegkruip nie. Die Here skei nie ons diens aan Hom van die volle lewe nie. Nee, rustig en stil wil sê: sonder enige verhindering deur enige persoon of instansie van buite-af. Elkeen moet sy eie sake (in die volle lewe) kan behartig,[27] in die gesin, in die kerk, in die skool, in die bedryf, sonder verhindering deur wie ook al (die owerheid ingesluit). Ons bid dat die owerheid die gesinne, die kerke, die bedrywe beskerm.

In 'n regstaat volgens die Woord ontstaan geen behoefte aan enige teenwig nie, veral nie aan die teenwig van menseregte wat uit die giftige wortel van die humanistiese liberalisme voortspruit nie.

## Wie behoort teen diktatuur op te tree? En hoe?

Hier volg in die lig van die skriftuurlike norm oor die gesag van die owerheid slegs 'n kort aanduiding van kerke, politici en elke gelowige se roeping.

### *Kerke se roeping*

Kerke wat volgens die Dordtse kerkorde saamlewe, kom ooreen om 'in voorkomende gevalle ... voor die owerheid te getuig'.[28] Hierdie getuienis gaan uit van die kerklike vergaderings, van kerkrade, klassisse, provinsiale en nasionale sinodes. Omdat die algemene sinode tans nie meer funksioneer nie, kom die meeste gereformeerde kerke in nasionale sinodes byeen. In die lig van die skriftuurlike norme oor die grense van die owerheidgesag word deputate van die nasionale sinode geroep om met vrymoedigheid en met klem te getuig.

Die regering is dienaar van God, onderdaan van ons Here Jesus Christus. Die owerheid moet God en Christus se absolute koningskap eerbiedig. Dit wil sê: Hy moet die gesag wat die Here aan ouers en ander gesagdraers verleen, ten volle eerbiedig.

Gereformeerde ouers belowe by elke doop om die kinders wat God aan hulle toevertrou het, in die leer van sy Woord te onderrig en te *laat* onderrig (in die kerk, in die skool en andersins). Die regering het nie die bevoegdheid om in stryd met die ouers se doopbelofte 'intergeloof'-onderrig in skole af te dwing, 'n kurrikulum voor te skryf en die roede te verbied nie. Deur dit wel te doen heers hy oor die ouer-amp en skryf hy aan homself die gesag toe wat alleen God en sy Seun beklee: alle gesag in die hemel en op die aarde. Kerke wat getuig, kom vir die Here en die waarheid van sy Woord op. Hulle wys die owerheid op die grense wat God aan sy gesag stel. Hulle stel die evangelie teen diktatuur.

So 'n getuienis mag origens maar in ootmoed voorgelê word, in die besef dat ons regering die staatskool van die vorige regering geërf het.

### *Politici se roeping*

Parlement-lede wat die Here vrees en sy Woord gelowig beaam, het 'n enorme taak. Hulle het ons voortdurende voorbidding nodig. In 'n parlement wat in meerderheid sosialisties en kommunisties gesind is en wat derhalwe geneig is om homself absolute gesag toe te eien, mag die waaksaamheid van ware christene geen oomblik verslap nie. Geen wetvoorstel waarin die owerheid die grense van sy gesag oorskry, mag sonder skriftuurlike teenspraak aanvaar word nie. As dit wel gebeur, geskied dit nadat christen-parlementariërs hulle roeping versaak het om die koningskap van Christus te eerbiedig, die evangelie teen diktatuur in die praktiese politiek te bely.

Hierdie roeping kan alleen deur samewerking van parlementariërs op basis van Gods Woord en die belydenis van die kerk vervul word. Nie een van hulle is by magte om alle wetvoorstelle in diepte te bestudeer en aan die norme van die Woord te toets nie. Lede van 'n politieke party, op Skrif en belydenis gegrond, sou bowendien hulle parlementariërs in hulle geestelike stryd kan ondersteun. Helaas - so 'n party bestaan tans nie in ons land nie.

Mag die bostaande ons gereformeerde parlementariërs help om oor die grense van die owerheidgesag na te dink. Met hierdie artikel word nie allerlei vrae in die praktyk met 'n handomdraai opgelos nie. Die bedoeling hiermee is om fundamenteel rigting te wys. Kerke en christen-politici het die roeping om - elkeen op sy eie wyse - in die Naam van God die regering aan die skriftuurlike grense van sy gesag te bind. Tot welsyn van die land en sy volke, en boweal tot onverhinderde voortgang van Christus se kerkvergadering in Suid-Afrika.

### *Gelowiges se roeping*

Die Here roep ons om in die amp van gelowige elke wet en opdrag wat ons dwing om teen sy Woord in te gaan, te weerstaan. Ons moet aan Hom meer gehoorsaam wees as aan die mense. Die evangelie teen diktatuur. Uit ons gehoorsaamheid aan die Here vloei nie maar die reg nie, maar die plig tot verset voort. Versetplig. Daaroor handel DV die laaste artikel van hierdie reeks.

---

[23] Ps 2:11-12.
[24] Eks 18:21-23.
[25] Deut 12:10.
[26] 1 Tim 2:2.
[27] Sien vir hierdie omskrywing van 'rustig' 1 Tess 4:11 en 2 Tess 3:12.
[28] Dordtse kerkorde, art. 28.

# 'n Gids in die groot stad

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

## Die stad Internet is 'n doolhof

Op die Internet is daar letterlik miljoene adresse. Elke dag kom daar nog tuisblaaie by. Hoe op aarde moet 'n mens in hierdie oerwoud van inligting jou pad vind en kry wat jy soek? Sonder 'n gids is dit nie moontlik nie.

## Soekenjins

Op die Internet is daar sogenaamde soekenjins beskikbaar. As u by so 'n soekprogram die woord Calvyn of Calvin intik, soek die program al die adresse waar u iets oor Calvyn kan kry.

Van die bekendste soekprogramme is Alta Vista, Yahoo!, Hotbot en Lycos, om maar net enkeles te noem. U hoef nie eens ver daarna te soek nie: U sal al hierdie programme onder *Favorites* in Internet Explorer kry.

'n Baie handige soekprogram is Webferret. Webferret vat al die bekendste soekprogramme saam. In een slag soek Webferret met die hulp van al die beste soekprogramme na dit wat jy gevra het. Dit bring mee dat u 'n baie noukeurige soektog kan doen. Webferret is 'n gratis program en kan by die volgende adres afgelaai word: http://ferretsoft.com. Nadat u dit geïnstalleer het, sal u dit kry onder Start-Find-Web Pages.

## Aan die hand van broeders

Soekenjins is nie die enigste manier om u pad in die groot stad te vind nie. Boonop bring dit jou by enige en nie noodwendig altyd behoudende, Skrifgetroue tuisblaaie nie.

Dit is daarom belangrik om te weet dat verskillende tuisblaaie sogenaamde links (skakels) na ander tuisblaaie gee.

As u dus by 'n goed gereformeerde tuisblad uitkom, sal die u op hierdie manier (deur skakels) die weg na ander betroubare tuisblaaie wys. In hierdie verband noem ek Spindle Works (http://www.spindleworks.com/library.htm). Daar sal u 'n skakel Reformed Links Page (http://www.covenant-urc.org/links.html) kry.

Op my eie tuisblad (http://home.spg.co.za/bogaards) onder die inhoudsopgawe sal u 'n item Skakels kry. As u daarop klik, sal u na my blad met belangrike skakels geneem word. U kan ook direk daarheen gaan deur die volgende adres in te tik: http://home.spg.co.za/bogaards/links.htm. Ek gee daar 'n massa webadresse van kerke, kerklike tydskrifte, Bybelsagteware, ander goeie tuisblaaie en belangrike programme.

---

MEDIESE ETIEK

# Sondag in die gesondheidsorg

Dr JM Boon, Cambridge

Die Here het tydens die skepping die rusdag na ses dae werk ingestel. Met hierdie instelling het die Here 'n ritme in die skepping gelê van ses dae werk en een dag rus op die sabbatdag. 'n Ritme wat vir die biologie van die mens nodig is om te onderhou. Maar nie alleen dit nie, die Here het die Sondag aan sy kinders gegee om te fokus op hul diens in sy koninkryk, en veral op hierdie dag te luister na sy Woord. Ook in die gesondheidsorg vra die Here van ons om die rusdag aan Hom te wy en daarmee gehoorsaam te wees aan sy vierde gebod.

## God se skeppingsordening

God se ritme is goed vir sy skepping. Dit is ook goed vir die liggaam en gees van die mens. Trouens, dit is noodsaaklik vir die mens. Ons het rus nodig. Baie siektes in ons tyd het 'n direkte verband met die navolg van 'n ander ritme. Ons vind in ons tyd die sogenaamde 24-uur ekonomie waar daar sewe dae per week gewerk word, of waar 'n diens sewe dae per week gelewer word. Die groot stede in die wêreld is voorbeelde daarvan. Ook op Sondag is daar geen rus nie. Industrieë, finansiële instellings, biblioteke, kongresse, vermaaklikheidplekke en winkels is oop op Sondag.

Hierdie nuwe ritme lei tot verskeie probleme in die samelewing. Eerstens staan die verkondiging van die Woord van die Here nie meer sentraal op die Sondag nie. Gevolglik hoor mense ook nie meer die goeie gebooie van die Here nie. 'n Chroniese afwesigheid van die hoor van byvoorbeeld die sesde gebod, lei noodwendig tot 'n groter mate van geweld in die samelewing. Dit lei ook daartoe dat besluite soos abortus en genadedood vandag in baie lande in die wetboek geskrywe word.

Die 24-uur ekonomie, waar die Sondag nie as rusdag gehou word nie, lei egter ook tot liggaamlike siektes. Verskeie stresverwante siektes wat uiting vind in biologiese en psigologiese toestande, is toestande wat vandag in die weste steeds meer gesien word. Deel van die probleem is die volg van 'n ritme wat vreemd is aan die ritme waarmee die Here die mens gemaak het. Die moderne maatskappy het God se ritme verruil vir 'n eie ritme ten koste van die skepping. Hierin word vergeet dat God se wyse bedoeling met die Sondag ook

verband hou met die biologiese ritme van die menslike liggaam. Die Here wat immers die outeur van die menslike liggaam is, het met die vierde gebod die goeie in gedagte vir sy eie skepping. Dit temeer nadat die mens in sonde geval het, en nou gebuk gaan onder die gevolge daarvan.

Natuurlik is daar ook ander oorsake vir genoemde siektes, maar deur gehoorsame navolging van die vierde gebod sou ons vandag baie siekteverskynsels kan voorkom.

Ons lees in Markus 2:27 dat die Here verduidelik dat die sabbat vir die mens is, en nie andersom nie. Hierin sluit die Here Jesus aan by die skepping waarby Hy self betrokke was. Hy weet as Skepper dat ons rus nodig het. Wat 'n seën om in hierdie besige lewe en vele verantwoordelikhede wat Hy aan ons gee, op Sondag te kan rus. 'n Seën van die Here self.

## Woordverkondiging

Die Here het die Sondag gegee veral sodat die mens na sy Woord kan luister. Daardie Woord wat by die Skepping werksaam was, en nog steeds verkondig word.

Die Woord van die Here is genesend. Die verkondiging daarvan op Sondag is krities belangrik vir ons voortdurende arbeid in die gesondheidsorg. Dit gee die mens perspektief om sy lewe en werk te fokus op die diens aan die Here.

Dit is baie belangrik vir die welsyn van die mens. Sonder die Woord van die Here stagneer die lewe en verloor dit sy glans en perspektief. Luister maar wat die boek Spreuke oor die verband tussen die Woord van die Here en die menslike liggaam sê: 'My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam' (Spreuke 4: 20-22). Om die Here te vrees soos Hy dit in sy Woord aan ons bekend maak, sal volgens die skrywer van Spreuke genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente (Spreuke 3: 7-8). Wysheid van die Here self.

Die verkondiging van die Woord van die Here het dus alles te make met die gesondheidsorg. Die Woord van die Here bepaal die instelling en denke van medici om te handel volgens God se goeie wet. Dit vertroos en bemoedig pasiënte en plaas siekte, behandeling, rehabilitasie en sterwe in die regte perspektief.

Dit is nie maklik om as christen-dokter of -verpleegster vandag te lewe nie. Om dit te kan doen het ons kragte van bo nodig. Kragte wat die Here veral in die eredienste op Sondag uitdeel. Geloofskragte om ons werk as christene in die gesondheidsorg te kan doen. Verwaarlosing daarvan lei tot uiteindelike ontkoppeling van die bron van die lewe. Dieselfde geld vir die gewoonte wat al hoe meer posvat om net een keer per Sondag die dienste by te woon. Baie vinnig verander die karakter van die Sondag tot 'n dag van die mens. Vinnig in die oggend 'n erediens bywoon en dan is die res van die dag vir die mens en sy stokperdjies. So word die dag van die Here aangetas.

Die Here gee aan ons op die Sondag krag deur die verkondiging van sy Woord om ons eie geestelike swakheid, oppervlakkigheid en rusteloosheid te oorwin.

## Christelike liefdegawes

Die Heidelbergse Kategismus (Sondag 38) noem by die behandeling van die vierde gebod, dat ons op die Sondag behalwe om die Woordbediening, sakramente en gebed te soek, ook christelike liefdegawes gee. Die Here voorsien op die Sondag vir die armes en die siekes. Hy voorsien vir hulle wat hulpbehoewend is in die kerk en daarbuite. Die werk in hospitale en verpleegsentra is dus 'n verlengde van die administrering van die christelike liefdegawes wat op Sondag ingesamel word.

In die verlede is hierdie gawes ook dikwels aktief gebruik vir die versorging van siekes. Sendinghospitale was afhanklik van die liefdegawes in die kerke. Vandag het staatsinstansies en siekefondse in 'n groot mate die finansiële voorsiening van die gesondheidsorg oorgeneem. Diakonieë dra egter ook vandag by tot die voorsiening van hulpbehoewendes ten opsigte van mediese koste. 'n Belangrike werk in diens van die Here.

## Gesondheidsorg op Sondag

Noodsaaklike werk in die hospitaal en ander mediese praktyke is belangrik. Dit beteken ook die instandhouding van vele dienste wat 'n hospitaal laat funksioneer soos spyseniering, skoonmaakdienste, elektrisiteitsvoorsiening ensovoorts.

Dit sluit nie sogenaamde elektiewe chirurgie in nie (bespreekte chirurgie vir nie-noodgevalle). Ook nie die gewone spreekure soos in die weeklikse roetine nie. Ook mediese personeel moet die Sondag heilig deur nie-noodgevalle-werk nie op Sondag te doen nie. Daar is 'n al hoe groter tendens in mediese kringe om elektiewe chirurgie en prosedures ook op Sondag te doen op 'n roetine teaterlys in 'n hospitaal. Gewoonlik is die rede om meer rand en sent te verdien. Ook mediese kongresse en opleiding-geleenthede word al hoe meer op Sondag gehou. Voortgesette mediese opleidingkursusse word gerieflikheidshalwe dikwels op Sondag gehou, omdat dit sogenaamd 'n rustige dag in die week is. As christen-gesondheidwerkers sal ons 'n ander geluid moet laat hoor.

## Woordbediening in die hospitaal

Dit is belangrik dat die Woord van die Here ook in die hospitaal gehoor word, nie net vir die pasiënte nie, maar ook die verpleegstaf. Dit is 'n baie mooi praktyk, soos gebeur in baie sendinghospitale en heelwat plattelandse hospitale, dat die verpleegstaf met die diensruiling vroeg in die oggend, dit doen met Skriflesing en gebed en die sing van 'n psalm. Dit gee aan beide die werkpersoneel en pasiënte ook die gevoel dat hierdie dag Sondag is, waarop ons na die Woord van die Here luister en Hom aanroep. 'n Gebruik wat in meeste stedelike en privaat hospitale verdwyn het. Dit is daarom ook so belangrik dat die siekes in hospitale besoek word deur die ampsdraers van die kerk om die Woord van die Here te bring.

Die Here gee ons heelwat verantwoordelikhede as christene op die Sondag, ook in die gesondheidsorg. Sondag is die dag van die Here en nie van die mens se vermaak of stokperdjies nie. Ons mag elke Sondag Christus se oorwinning vier en vanuit hierdie oorwinning die werkweek ingaan. Christus se oorwinning behels ook die genesing van siekes. Het Hy nie op die sabbatdag verskeie siek mense genees nie? Daarin het Hy ons iets getoon van sy herskeppingswerk waarmee Hy vandag nog voortgaan.

Ook in die gesondheidsorg moet ons die Sondag heilig, hierdie dag afsonder en as dag van die Here behandel en belewe as 'n verlustiging (Jesaja 58:13). 'n Dag waar die rus van die oorwinning van Christus aan ons geskenk word.

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

# Genade, Christina!

Prof. Christina Landman is bekend in kerklike kringe. Die afgelope maande het sy menigmaal 'nuus gemaak' met omstrede stellings insake die huwelik, seksualiteit, die plek van die vrou in die kerk, en so meer. In Waarheid en Dwaling is daar by geleentheid ook al na haar uitlatings verwys. Hoe lyk die fontein waaruit dié troebel water opborrel? In De Kat van Desember 2000 is 'n artikel gepubliseer wat 'agter die kap van prof Christina Landman se omstrede byl' probeer kom. Die artikel is in die vorm van vrae en antwoorde geskryf. Die hooftrekke word daaruit aangehaal.

**Wat is die bron van waarheid waarop jy jou uitsprake grond?**

*Ek werk nie met waarheid nie, want ek is 'n mens. Ek werk met die mens se ervarings. Ek vra, wat is vir hulle die waarheid? Ek vra, maak hulle sienings van die waarheid hulle lewens beter of swaarder? Ek vra, sal ons beter daaraan toe wees as ons aan ander sienings van die waarheid blootgestel word?*

*... Daar bestaan nie vir my 'n objektiewe waarheid nie. Jesus is die waarheid in my hart wat maak dat ek saam met ander mense wil kyk wat ons met Jesus se woorde in hierdie land gedoen het, en wat ons daarmee kan doen om mense se lewens beter te maak.*

**Is die Bybel vir jou die volledige of gedeeltelike woord van God? Verduidelik?**

*Die Bybel is wonderlik. Dit is vol verhale van mense se ervarings van God oor baie eeue heen. Dit bind ons aan mekaar. As ons Afrika-vroue-teoloë byvoorbeeld bymekaarkom, kan ons kulture hoeveel van mekaar verskil, maar ons deel almal die Bybel se verhale.*

*Die Bybel is die Woord van God en mense vir mekaar. Die ergste ding wat met die Bybel gebeur het, is dat sy pragtige verhale in verse ingedeel is en dat ons mekaar met die versies moker en nie meer die verhale hoor nie. Dus, ek kyk nie na die Bybel as 'n afgod wat towerspreuke uitspoeg nie. Ek kyk ook nie na die Bybel histories-krities nie, dit is, ek vra nie of die verhale daarin histories en feitlik waar is nie. Ek kyk narratief na die Bybel, na die inspirasie wat ek uit die Bybel se verhale kry en met ander mense kan deel wat dieselfde raakvlakke het.*

**Moet 'n mens die Bybel letterlik opneem of kan 'n mens dit na gelang van jou kultuur, geslag en eeu interpreteer?**

*Ek het dit nou eintlik reeds geantwoord met my idee van 'n narratiewe lees van die Bybel wat van geslag tot geslag, en persoon tot persoon herdink moet word.*

*Die vraag is vandag nie soseer hoe die Bybel geïnterpreteer moet word nie, maar wie dit interpreteer. Ek voel my tuis in die vennootskapsteologie (partnership theology) wat sê die teoloog en die dominee moet nie sy interpretasie aan die mense opdring nie, maar die verhale uit die Bybel so aanbied, dat die mense dit vir hulleself kan interpreteer.*

*Ons het deesdae nog 'n ander teologie wat ons volksmondsteologie (vernacular theology) noem. Dis die mense se teologie. Dis die teologie van gewone mense wat godsdiens op hulle omstandighede toepas. Hierdie teologie gebeur wanneer die Boetmans en Susse begin praat oor die kerk, seks, verlossing en moraliteit. Dis nou 'ware' teologie, hoor. Nie die akademiese teologie van die teoloë of die populistiese teologie van die dominees en die pastore wat goed sê wat hulle dink populêr by die mense sal wees nie. Ek dink dis predikers se werk om hierdie teologie, die teologie wat uit die mense se harte en monde kom, in kerke tydens dienste aan die woord te stel.*

**Jy het op 'n keer in die debat oor poli-verhoudings gepraat van nuwe moraliteit. Wie besluit wanneer is dit tyd vir 'n nuwe moraliteit en op grond waarvan?**

*Ek sou dink dat elke geslag sy eie moraliteit konstitueer, of eerder, met mekaar moet onderhandel. Moraliteit kan nie 'n besluit wees wat mense in hoë kerklike posisies namens ander mense neem nie. Moraliteit moet 'n besluit wees tussen vennote: die gewone mense, die kerkleiers en ander openbare opinie-vormers. Ek praat nie van 'n klandestiene proses waarin elkeen kyk met hoeveel vryheid hy of sy kan wegkom nie. Dis juis 'n proses waarin mense mekaar uitnooi om verantwoordelikheid vir mekaar te neem - sodat ons almal toegang tot 'n etiese en estetiese lewe kan hê. Waarin ons vry sal wees om morele besluite te neem. Dis wat ons groot moraliteit noem - moralitiet en die mag rondom dit wat ons lewens veilig en voorspoedig kan maak, of waarmee ons mekaar verdruk en verdag maak. Klein moraliteit is al die moets en moenies wat ons godsdiens vir ons voorskryf.*

**Waar pas God in die morele prentjie in? Het Hy ook 'n sê of is moraliteit net 'n saak tussen mense?**

*God is natuurlik die senior vennoot in hierdie saak. Maar ek glo nie dat God 'n moraliteit van drie- of vierduisend jaar gelede ongenuanseerd in ons kele afdruk nie. God praat op nuwe maniere met ons. Ek glo dat ons moraliteit moet berus op respek vir mekaar. Respek is byvoorbeeld nie iets wat tussen mans en vroue, en tussen rasse en volke duisende jare gelede bestaan het nie. Maar ons kan hierdie respek nou die grondslag van ons moraliteit maak, en myns insiens het God hierdie insig by ons laat groei.*

**Beskryf jou persoonlike verhouding met God?**

*Ek het verskillende godsdienstige identiteite. Ek baai in God se gesigte. Ek geniet die kerk in sy vele vorme. Ek sit in 'n Roomse kerk en drink die simbolieke rondom my in. Ek gaan na die jonger kerke waar die mense uit hulle derms uit preek. Ek speel die orrel en gaan op 'n trip hemel toe. Ek luister na Bach, ek sing vir my seun uit die Hallelujas. Ek lê in die nag in my bed en praat met God. Ek kyk uit in die dag waar ek God sien.*

**... Verwys jy ooit mense na die Bybel as 'n riglyn vir die vind van oplossings? Met ander woorde wanneer jy berading doen, sal jy ooit vir iemand sê kom ons hoor wat sê die Here?**

*Sonder uitsondering ontwikkel ek godsdiens as 'n ondersteuningsisteem in berading. Maar ek bly weg van skuld en hell-talk en ander dinge wat mense se verhouding met God en godsdiens beduiwel.*

**Wat is jou siening rondom die uitspraak dat die mens hier op aarde is ter wille van God en nie God ter wille van die mens nie?**

*Ons en God is vennote.*

***Dink jy dat 'n mens goedkoop genade kan verkondig en wat sal jy as goedkoop genade sien?***

*Ek is nie goed met hierdie soort taal nie. God is my vriend en staan aan my kant. Ek hoef nie vir genadige druppels uit God se hand te wag nie, want ons hou mekaar se hand. Ek hoef hierdie handvashou nie 'n naam soos 'genade' te gee nie. Ek hoef dit nie goedkoop of duur te noem nie. Ek sou dit graag wonderlik wou noem.*

***Wat van God se opdrag van heiligmaking? Hoe interpreteer jy dit?***

*Om heilig te wees, is om respek vir ander te hê.' Om heilig te maak, is om daarop aan te dring om gerespekteer te word. Ek daag dus die kerk uit om heilig teenoor my te wees. Want die spulletjie wat hulle die afgelope tyd aangejaag het met ongegronde verklarings en veroordelings, is immoreel en onheilig, sonder respek. Goedkoop van genadeloosheid.*

'n Mond vol. Kortliks saamgevat kom dit hierop neer:

- God is die mens se vriend. Daarby is God en mens vennote (gelykes) vir mekaar. God is weliswaar die senior vennoot, maar nietemin.
- Die Bybel is die boek waarin die vennootskap beskryf word: die woord van God en mense vir mekaar.
- Goeie prediking is om die teologie wat uit mense se harte en monde kom, aan die woord te stel.
- Die verskille tussen kerke is tekenend van God se 'vele gesigte'. Kerklike pluriformiteit (veelvormigheid) is 'n gegewe om van te geniet.
- Moraliteit is 'n saak waaroor elke geslag mense self moet onderhandel en besluit. Wat drieduisend jaar gelede gegeld het, kan nie vandag in ons kele afgedruk word nie.
- Heiligmaking het te doen met onderlinge, wedersydse respek.
- Die begrip 'genade' pas nie in by die vennoot- en vriendskapsverhouding wat tussen God en mens bestaan nie.

In die NG kerk, waaraan prof. Landman verbonde is, geld die Drie Formuliere van Eenheid - die kerklike belydenis, wat die Skrif suiwer naspreek. Haar taal staan in alle opsigte lynreg teenoor die Skrif en die belydenis.

- God is ons Verbondsgod, ons Vader in Jesus Christus, die Almagtige. Die mens is 'n nietige skepsel; boonop 'n sondige skepsel - uit genade God se aangenome kind. God en mens gelyke vennote? Dit het die duiwel vir Eva in die paradys wysgemaak.
- Die Skrif is van A tot Z Woord van God. Gesagvolle Woord van God, om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig (NGB Artikel 5).
- Prediking is verkondiging van God se Woord. Lewensnoodsaaklike verkondiging, want 'die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die (verkondigde) woord van God' (Romeine 10:17).
- Goedpraat van kerklike veelvormigheid is menslik bedink. Christus roep sy kudde om na die stem van die Goeie Herder te luister (Johannes 10). Op grond daarvan bely ons om duidelik te onderskei tussen die ware en die valse kerk, en ons by die ware kerk te voeg - daar waar die Goeie Herder se Woord suiwer bedien en gehoorsaam gevolg word (NGB Artikels 28 en 29).
- Die wet van die HERE is volmaak. Dit verkwik die siel. Die getuienis van die HERE is gewis. Dit gee wysheid aan die eenvoudige (Psalm 19:8). God se wet is altyd en oral geldend. Wat vier- en drieduisend jaar gelede vasgestaan het, staan vandag nog net so vas. Ons God verander nie. Sy voorskrifte vir moraliteit ook nie.
- Heiligmaking is die werk van God die Heilige Gees in ons lewens. Deur daaglikse bekering bewaar die Heilige Gees ons by die verlossing in Christus. Hy lei ons op die pad van Godsvrees. Wedersydse respek is maar 'n klein deeltjie van dit alles. Wat meer is: sonder verlossing in Christus en die wederbarende werk van die Heilige Gees is wedersydse respek 'n hol klank.
- Die mens wat besef hoe klein en nietig hy voor God is, ken die rykdom van die woord 'genade'. Wat sou ons wees sonder God se genade? Sola gratia - alleen genade, alles genade, niks sonder genade nie.

Van 'n teoloog, 'n Godgeleerde, word seker in die eerste plek diepgaande eerbied vir God en sy Woord verwag. Daarsonder is teologie 'n menslike gebabbel, hoogmoedig, ydel - en gevaarlik daarby.

---

# GEBED VAN CALVYN[1]

'n Gebed na aanleiding van 'n Skrifstudie oor *Jeremia 7:1-7* en dan veral *vers 3:*

'So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Maak julle weë en julle handelinge goed, dat Ek julle kan laat woon in hierdie plek.'

Almagtige God, dit was u wil om geen tempel van hout of klip tot u eer onder ons op te rig nie. Die volheid van u goedheid het in u eniggebore Seun woning gemaak: Hy vervul met sy mag die hele aarde en het vir Homself 'n woning in ons midde gekies, ja in ons hart. Laat ons nie sy heiligheid deur ons sondes en ongeregtigheid in die stof neerhaal nie. Gee ons brandende harte om U te gehoorsaam, sodat u Naam, die Naam van u Seun, voortdurend verheerlik word - totdat ons eindelik in die ewige lewe aankom, waar daar vir ons 'n heerlikheid van aangesig tot aangesig geopenbaar sal word, wat ons vandag reeds van vêr aanskou in die leer van u heilige evangelie.

Amen.

[1] Vertaal in Afrikaans deur mev. R Botha vanuit die Nederlandse teks van die hand ds AG Barkey Wolf, uitgegee in 1940 deur DA Daamen, Den Haag.